

Jou geliefde is in die hospitaal met COVID-19

- Wanneer COVID-19 ernstig is, veroorsaak dit gewoonlik longontsteking wat 'n longinfeksie is. Dit kan ook bestaande chroniese toestande soos diabetes of asma vererger.
- Jou geliefde moet dalk in die hospitaal behandel word as hulle moeilik asemhaal, aanhoudende pyn of drukking op die bors het of verwarring ervaar.



Bly kalm

- Jou geliefde moet in die hospitaal bly sodat hulle behandeling kan ontvang wat hulle sal help om van COVID-19 te herstel.
- In die meeste gevalle is dit moontlik om gesond te word met suurstofondersteuning.

Wees voorberei

- Sorg dat jou geliefde alles het wat hulle sal nodig hê in die hospitaal:
 - Chroniese medikasie of 'n lys van of 'n voorskrif hiervoor
 - Warm klere en kouse
 - 'n Kombars
 - Toiletware
 - Iets om te lees
 - Indien moontlik, 'n selfoon en laaier, en aansluitprop
- Weet waar jou geliefde se persoonlike dokumente (identiteits-, mediese, regs-, en finansiële dokumente) gebêre word indien daar 'n noodgeval sou wees.



Kry en verskaf inligting

- Maak seker dat jy weet na watter hospitaal jou geliefde gaan.
- Vind uit wat die kontaknommer is.
- Sorg dat die ambulans- of hospitaalpersoneel die korrekte kontakbesonderhede vir jou het asook 'n tweede kontaknommer, indien moontlik.



Wes-Kaapse
Regering

BLY VEILIG. RED LEWENS.

Bly in aanraking

- Jy sal nie jou geliefde in die hospitaal kan besoek nie weens hospitaalregulasies om te keer dat die koronavirus versprei.
- Jy kan telefonies in aanraking bly as jou geliefde 'n selfoon het.
- Jy kan ook die saal bel om uit te vra oor jou geliefde.
- Wees geduldig met die personeel. Daar is baie pasiënte wat COVID-19 het en dis 'n besige tyd vir die personeel.



Kwarantyn vir alle kontakte

- Almal wat noue kontak (aangesig tot aangesig, minder as 1 meter weg of langer as 15 minute) met jou geliefde gehad het, moet vir 14 dae onder kwarantyn wees vanaf die laaste keer toe daar kontak was.
- Dit kan tot 14 dae neem voordat jy siek word met COVID-19.
- Selfs al is jy nie getoets nie, het jy dalk die koronavirus en jy kan ander mense daarmee aansteek voordat jy begin siek raak.
- As jy of enige ander familielid COVID-19-simptome ontwikkel, bel jou gesondheidsorgverskaffer of die provinsiale hulplyn by 021 928 4102.



Hou almal ingelig

Hou al die lede van jou huishouding, insluitend kinders, op hoogte van jou geliefde se gesondheidstatus.



Nasionale Hulplyn: 0800 029 999



Provinsiale Hulplyn: 021 928 4102



Wes-Kaapse
Regering

BLY VEILIG. RED LEWENS.